# Leesbegrip: Vergelyk en kontras

**Lees die onderstaande teks met aandag deur:**

## Bruno en Snuffels

Ek het twee troeteldiere – Bruno my hond en Snuffels, my kat. Al is hulle op verskeie maniere dieselfde, het my troeteldiere verskillende behoeftes. Bruno is baie aktief en het baie spasie nodig om rond te hardloop. Snuffels hou weer daarvan om binne die huis te wees en het nie baie plek nodig vir rondhardloop nie. Bruno se hare moet gereeld gesny word, maar Snuffels se hare het dit nie nodig nie. Bruno moet gereeld gebad word en Snuffels verkies dit om haarself skoon te maak. Altwee die troeteldiere het water, kos, aandag en baie liefde nodig.



**Maak 'n opsomming van die leesstuk deur die volgende stappe te volg:**

1. Vergelyk vier eienskappe of behoeftes van Bruno en Snuffels wat verskil.
2. Noem drie eienskappe of behoeftes van Bruno en Snuffels wat dieselfde is.
3. Teken 'n prent van hoe jy dink Bruno en Snuffels lyk.

**Bruno**

1. Benodig spasie om rond te hardloop.
2. Baie aktief.
3. Sy hare moet gereeld gesny word.
4. Hare en tande moet skoongemaak word.

**Beide**

1. Benodig water.
2. Benodig kos.
3. Hou van aandag en liefde.

**Snuffels**

1. Bly binne die huis.
2. Nie baie aktief nie.
3. Hare hoef nie gesny te word nie.
4. Maak self skoon.

Teken jou prent hier: